# PAKWORKS GAAN VOORUIT

Sonpanele raak al hoe meer gewild as alternatiewe kragbron na gelang van elektrisiteitstariewe wat aanhou styg en finansiële druk op talle inwoners en Suid-Afrikaners plaas. Nie net in huishoudings nie, maar ook Pakworks is tans besig om 1508 sonpanele op die fabriek se dak te installeer. Met ongeveer 1800m², is die doel om meer effektief te werk met die energie hulpbronne tot beskikking en minder afhanklik te wees van Eskom. Wildsbokke word op die perseel aangehou en dit dui ook op hulle natuurbewustheid en omgee vir die omgewing. Die kontraktuele ooreenkomste het ongeveer 'n jaar geneem om tot op die punt van installasie te kom in Maart 2020, en was beplan om middel April afgehandel te wees. Die installasie gaan gewoonlik vinnig en kan binne 'n maand afgehandel wees, gegewe die sonpanele is reeds ingevoer, maar weens fase 5 van die inperkingsperiode kon die kontrakteurs eers Junie 2020 die projek hervat nadat al die nodige permitte verkry is. Die stelsel sal op 3 Julie 2020 in werking wees, maar dit maak hulle nie heeltemal onafhanklik van Eskom nie. Weens die batterye se koste en lewensduur, kan dit ook nog nie geregverdig word met die huidige kragtariewe nie, maar dit kan in die toekoms moontlik verander. Bedags sal die fabriek grootliks onafhanklik wees, maar met nagskof sal Eskomkrag steeds gebruik word. Namate die fabriek gaan uitbrei is daar dan ook weer die geleentheid om nog sonpanele aan te koop. Energiedoeltreffende elemente begin nou momentum te kry.








